# Redaksioneel
# Hervormde Teologiese Studies
# Beleid

## AGTERGROND

Die Dosentevergadering van die Fakulteit Teologie (Afd A) aan die Universiteit van Pretoria het tydens die vergadering van 20 September 1994 opdrag aan die redakteur van die *Hervormde Teologiese Studies* gegee om die tydskrif se beleid in die lig van die resultate van rasionalisasie in die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika met betrekking tot die kerk se Tydskrifafdeling en die Kerklike Instituut vir Toerusting van Ampsdraers en Lidmate (KITAL) te hersien. Hierdie ontwikkelinge het aanleiding gegee tot die ontbinding van die Beheerraad van die Tydskrifafdeling (waaronder *HTS* kerklik geressorteer het) en die stigting van die Sentrum vir Toerusting, Inligting, en Kommunikasie (SENTIK), die volledige akkommodering van die Direkteur van die Sentrum vir Voortgesette Teologiese Toerusting [SVTT] (nou verander na die Sentrum vir Teologiese Navorsing en Toerusting [STNT] by die teologiese fakulteit met die oog op gemeenskapsdiens, die indeling van die *Hervormde Teologiese Studies* (*HTS*) by die funksies van die STNT, die uitbreiding van die opdrag van die Direkteur Navorsing en Toerusting van die STNT om behulpsaam te wees met die administrasie van *HTS* en die aanstelling van 'n tydelik-voltydse sekretaresse as personeellid van die Universiteit van Pretoria op koste van die Nederduitsch Hervormde Kerk met die oog op die werksaamhede van die STNT. Die vorige beleid van *HTS* is deur die redaksie op 13 Junie 1988 en deur die Beheerraad van die Tydskrifafdeling op 25 Augustus 1988 goedgekeur en is deur die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering aanvaar. Die dagbestuur van die STNT het op 1 November 1994 die werkverdeling met betrekking tot die funksies van die redaksie, die redakteur, die publikasiesekretaris (Direkteur Navorsing en Toerusting: STNT) en die sekretaresse behandel en lê dit saam met die onderhawige hersiende beleid van *HTS* vir goedkeuring aan die redaksie op 2 November 1994 en vir behandeling op 23 November 1994 deur die moderamen van die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering voor.

## DIE BELEID VAN DIE HERVORMDE TEOLOGIESE STUDIES

* Die *Hervormde Teologiese Studies* (*HTS*) is die vaktydskrif van die Fakulteit Teologie (Afd A) aan die Universiteit van Pretoria en word uitgegee as deel van die teologiese fakulteit se gemeenskapsdiens wat deur die Sentrum vir Teologiese Navorsing en Toerusting uitgevoer word.

* Die Hervormde Teologiese Vereniging ondersteun *HTS* as die vereniging se vaktydskrif.
* Die Fakulteit Teologie (Afd A) strewe daarna om die akkreditering van *HTS* deur die Departement van Nasionale Opvoeding as 'n erkende akademiese vaktydskrif te handhaaf.
* Die redaksie bestaan uit al die voltydse lede van die Fakulteit Teologie (Afd A) aan die Universiteit van Pretoria.
* Die redaksie vergader minstens een keer per jaar.
* Die dekaan van die Fakulteit Teologie (Afd A) dien as voorsitter van die redaksie.
* Die redaksie benoem een van die voltydse lede van die Fakulteit Teologie (Afd A) as redakteur.
* Die Direkteur Navorsing en Toerusting van die Sentrum vir Teologiese Navorsing en Toerusting (STNT) dien as publikasiesekretaris.
* Die dagbestuur van die STNT hanteer namens en met verslaggewing aan die redaksie spoedeisende sake. Volgens die Reglement van die STNT (Bepaling 5.1.1) bestaan die dagbestuur van die STNT uit die dekaan, die plaasvervangende dekaan, die twee direkteure van die STNT, die redakteur van die *HTS*, die voorsitter van die Dosentevergadering se Hermeneutiese Studiegroep en 'n lid deur die adviesraad van die STNT benoem.
* Die voorsitter van die redaksie gee jaarliks verslag van die werksaamhede van die redaksie aan die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering van die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika en 'n kopie van hierdie verslag word aan die Kuratorium vir Teologiese Opleiding vir kennisname gestuur.
* Die voorsitter van die redaksie gee driejaarliks verslag van die werksaamhede van die redaksie aan die Algemene Kerkvergadering van die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika via die Werkgroep vir Publikasies.
* Die Administrateur van die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika lê in samewerking met die voorsitter van die redaksie, die redakteur en die publikasiesekretaris jaarliks 'n begroting aan die Raad van Finansies vir goedkeuring en vir kennisname aan die redaksie voor. Die redaksie poog om met behulp van verkope, subsidies, donasies en advertensies die administrasie en uitgee van *HTS* te befonds. Moontlike tekorte word in oorleg met die Raad van Finansies befonds. Die Raad van Finansies is verantwoordelik vir die befondsing met betrekking tot die administrasie, uitgee en verspreiding van *HTS*.

- Die dekaan van die teologiese fakulteit stel sekretariële dienste in oorleg met en op koste van die Raad van Finansies beskikbaar vir die administrasie van *HTS*.
- Die redakteur en publikasiesekretaris is verantwoordelik vir die administrasie en die uitgee van *HTS* en gee verslag aan die redaksie met die oog op goedkeuring.
- Die dagbestuur van die STNT bepaal die die werkverdeling van die redakteur, die publikasiesekretaris en die sekretaresse, en lê dit aan die redaksie vir goedkeuring voor.
- Die redaksie bepaal binne die raamwerk van die begroting die beleid met betrekking tot die inhoud, voorkoms, getal uitgawes, oplaag, prys en bemarking van *HTS*.
- Benewens die normale aflewerings van *HTS* word daar van tyd tot tyd binne die raamwerk van die begroting addisionele supplementa in die *HTS Supplementum-Reeks* uitgegee waarin teologiese handboeke of monografieë in verband met die teologie en wat van hoogstaande wetenskaplike kwaliteit is, gepubliseer word. Die dagbestuur van die STNT vorm 'n redaksiepaneel om die keuring van supplementa te beoordeel.
- Die missie van *HTS* is om op nasionale en internasionale gebied diens te lewer deur die teologie as wetenskap te bevorder. *HTS* wil veral 'n teologie uitbou wat die kerk in die Suid-Afrikaanse konteks in die algemeen en die belange van die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika in die besonder in ag neem. Vir hierdie doel word bydraes op die gebied van die teologie en aanverwante wetenskappe ook van buite die kring van die Fakulteit Teologie (Afd A) en die kring van die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika geïnisieer en ontvang. Om die redaksie met betrekking tot die uitvoering van hierdie missie te adviseer stel die redaksie 'n redaksie-adviesraad vir 'n driejaarlikse periode aan, bestaande uit persone in die binneland en buiteland wat 'n hoë akademiese statuur het of ander kerklike belange as dié van die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika verteenwoordig.